

# Ekonomie (en boere) verloor vee van R818m. in 2014-'15

Veediefstal het die Suid-Afrikaanse ekonomie in 2014-'15 van R818 miljoen beroof. Die diefstal van bokke het R65 miljoen beloop, dié van skape R143 miljoen en die diefstal van beeste R610 miljoen. Dié plaag bedreig die kommersiële én die opkomende boerderysektor.

**D**ie nasionale veediefstal-voorkomingsforum doen 'n beroep op alle belanghebbendes in die rooivleisbedryf om saam te werk om veediefstal te voorkom deur hulle aan die bestaande wette te onderwerp. Veediefstal rig ekonomies gesproke baie skade aan en is boonop 'n misdaad waarvoor boere baie emosioneel raak.

Aspekte wat nie altyd in ag geneem word wanneer vee gesteel word nie, is hoe dit werkers se werksekerheid beïnvloed, asook vee-eienaars se afhanklikheid van vee vir kos en ekonomiese oorlewing raak.

Navorsing het bewys dat veediefstal sedert 2003 drasties gedaal het ná die aanvaarding van die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002).

In die jongste misdaadverslag is gemeld dat veediefstal met 6,5% gestyg het, maar geen navorsing is gedoen om te bepaal wat tot dié styging gelei het nie. Die voorkoms van veediefstal kan nie alleen toegeskryf word aan sommige polisiebeamptes se optrede nie. Dit is ook as gevolg van belanghebbendes in die rooivleisbedryf wat nie toesien dat hul vee behoorlik geïdentifiseer is nie.

Veekopers, soos boere, spekulante, voerkrale en slagplase, kan onwetend die ontvangers van gesteelde vee wees as hulle nie seker maak dat die vee wat hulle koop, aan die voorskrifte van die wet voldoen nie. Wette word in die proses oortree, groot boetes kan opgelê word en oortreders kan vervolgd word.

Die Wet op die Identifikasie van Diere maak voorsiening vir die verpligte merk van vee. Die Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959) beheer die beweging van vee. Albei dié wette is ingestel om die bedryf en die SAPD te steun in die bestryding van veediefstal. Dit maak dit ook maklik om gesteelde vee terug te vind.

## VEREISTES

Dit lyk asof 'n groot deel van veehandel nie aan die voorskrifte van die wette voldoen nie en ook nie aan basiese vereistes om veediefstal te voorkom nie. Met verwysing na die nie-nakoming van artikel 6 (Dokument van Identifikasie), is dit vir die veediefstalvoorko-

mingsforum 'n plesier om aan te kondig dat 'n landdros in die Vrystaat op 25 Julie vanjaar 'n oortreder daaraan skuldig bevind het dat hy nie in staat was om eienaarskap met só 'n dokument te bewys nie. 'n Boete van R30 000 of 12 jaar gevangenisstraf is opgelê. Dit is duidelik dat die howe in Suid-Afrika besig is om die ekonomiese en emosionele impak van veediefstal te besef.

Die forum versoek alle vee-eienaars om 'n eie brandmerk in hul naam te registreer en dit op alle vee in hul besit op die voorgeskrewe manier aan te bring (soos omskryf in die Wet op die Identifikasie van Diere).

Vee-eienaars moet die dokument van identifikasie en die sertifikaat om vee te verwyder, voltooi en met elke transaksie inhandig.

Alle kopers van vee, afslers, voerkrale en slagplase moet eers eienaarskap bevestig en weier om vee te aanvaar wat nie gemerk is nie, of waar die nodige dokumente nie verskaf is nie. Boonop moet alle betrokke dokumente 12 maande lank gehou word.

Die wetgewing is reeds etlike jare lank geldig. Talle vee-eienaars voldoen aan die registrasie van identifikasiemerke.

Sedert die registrasie van identifikasiemerke het dinge in Suid-Afrika heelwat verander. Die algemene gebruik van selfone en die ineenstorting van landlyntelefone in landelike gebiede het daartoe gelei dat talle telefoonnummers nie meer bestaan nie. Die gevolg is dat wanneer vee teruggevind word, die SAPD nie die eienaar kan kontak nie. Dieselfde geld die identifikasienummers van vee-eienaars. Alle identifikasienummers het verander. In talle gevalle is die Registrateur van Veebrandmerke nie van die veranderings verwittig nie.

'n Ander probleem is die feit dat wanneer mense met geregistreerde identifikasiemerke nie meer die eienaar van die dier is nie en in gebreke bly om die merke te skrap, dit aan misdadigers die geleentheid bied om die stelsel uit te buit.

Die nasionale veediefstalvoorkomingsforum

## STRATEGIE

### 'WERK SAAM VIR DIÉ DOELWITTE'

Die RPO doen 'n beroep op die nasionale dieregesondheidsforum, die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en die Suid-Afrikaanse Veeartsenyvereniging om saam te werk om die doelwitte van Suid-Afrika se veteriniêre strategie te bereik. Dié strategie is deur die departement bekend gestel om die gesondheid en goeie sorg van Suid-Afrika se diere te verseker sodat genoeg kos vir die bevolking geproduseer kan word.

Op 'n vergadering van die dieregesondheidsforum is besluit dat plattelandse veeartse meer betrokke moet wees by die bevordering van die veteriniêre strategie se doelwitte.

Dit is ook belangrik dat die provinsiale dieregesondheidsforums goed moet funksioneer, aangesien die veteriniêre strategie se implementeringsplan nog nie duidelik omskryf is nie. Die individuele dieregesondheidsforums kan op spesifieke probleemgebiede klem lê.

Die dieregesondheidsforum is gevorm op grond van 'n nasionale strategiese plan van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye. Die plan bepaal dat veiliger kos op 'n winsgewende manier geproduseer kan word as die risiko's - siektes, plaë en natuurlike rampe - wat verband hou met kos, bestuur word. Die vestiging en onderhoud van doeltreffende stelsels om siektes vinnig te bepaal en te beperk, is daarby ingesluit.

doen 'n beroep op alle vee-eienaars om die Registrateur van Veebrandmerke te laat weet indien hul persoonlike inligting verander het, of om hul registrasiemerke te skrap as dit van toepassing is.

**LBW**



NAVRAE: Delpen-gebou, h/v Annie Botharylaan en Unionstraat, Riviera, Pretoria, tel. 012 319 6000, e-pos [sanetc@daff.gov.za](mailto:sanetc@daff.gov.za) of besoek die webwerf <http://www.gov.za/services/animal-improvement/register-animal-identification-mark>.